# ***SAMEWERKINGS – OOREENKOMS***

***Aangegaan deur en tussen***

**NASIONALE TONEEL ORGANISASIE**

**Reg.no. 2019/554194/07**

**(hierna verwys as NTO)**

***en***

______________________________________________

**(hierna verwys as die VENNOOT)**

**Doel van ooreenkoms**

Die doel van hierdie ooreenkoms is om ‘n samewerkingsverhouding tussen die **NTO** en die **VENNOOT** te formaliseer. In wese bied die ooreenkoms ‘n raamwerk vir ‘n informele vennootskap in terme waarvan die opbrengs uit ‘n vertoning wat deur **NTO** aangebied word op ‘n 75/25 basis tussen die partye verdeel word, met dien verstande dat beide partye sekere voorwaardes en/of ondernemings nakom.

**Spesifieke verpligtinge**

In terme van hierdie ooreenkoms aanvaar die ***Vennoot*** aanspreeklikheid vir die volgende :.

a) Verkryging van ‘n saal wat aan die NTO se spesifikasies voldoen;
(Sien AANHANGSEL A vir spesifikasies)

b) Die reël van verblyf vir ses persone (4 mans en 2 dames) vir een nag;

c) Bemarking en reklame met betrekking tot die produksie;

d) Die verkoop van kaartjies;

e) Die reël van verversings vir eie rekening by die vertoning;

f) Die verskaffing van voorportaalpersoneel by die saal;

g) Verantwoordelikheid vir die oop en toesluit van die saal sowel as die algemene netheid en voorkoms van die saal;

h) Indien nodig, die verkryging van een of twee borge op die dorp om by te dra tot die produksie, hetsy in kontant of die lewering van dienste. Hierdie borgskap kan die borg van kaartjies insluit ten einde te verseker dat mense wat nie die normale kaartjieprys kan bekostig nie, die vertoning kan bywoon. Erkenning vir hierdie borgskap sal by die vertoning aan die borg gegee word.

**X**

In terme van hierdie ooreenkoms aanvaar die ***NTO*** aanspreeklikheid vir die volgende :

a) Die lewering van 'n kwaliteit produksie vir aanbieding op die dorp en in die saal wat deur die Vennoot gereël is;

b) Die verskaffing van alle dekor, kostuums, rekwisiete en toerusting om die sukses en professionele gehalte van die produksie te verseker;

c) Die verskaffing van alle plakkate, kaartjies en ander publisiteitsmateriaal wat die Vennoot sal benodig ten einde die produksie te bemark;

d) Die betaling van alle kunstenaars en verhoogpersoneel;

e) Die betaling van advertensies in die plaaslike media – binne die perke van 'n goedgekeurde begroting;

f) Die versekering dat die spelers en verhoogpersoneel betyds sal opdaag vir die vertoning;

g) Die versekering dat die saal in die toestand waarin dit ontvang is, gelaat sal word;

h) Die oorbetaling van die Vennoot se deel van die omset wat uit kaartjieverkope verkry word, in hierdie geval 30% van die omset;

i) Die afhandeling van alle reëlings na afloop van die vertoning wat nodig mag wees om die goeie verhouding met die Vennoot te bevorder.

**<u>FINANSIëLE REëLINGS</u>**

Die standaard kaartjieprys vir alle vertonings beloop R120 per volwassene en R80 per kind (onder 15 jaar). 'n Maksimum van 200 kaartjies sal per vertoning aan die Vennoot beskikbaar gestel word. 'n Minimum van 120 volwassene-kaartjies moet per vertoning verkoop word ten einde die produksie finansieël lewensvatbaar vir beide partye te maak.

Omset uit kaartjieverkope sal as volg verdeel word :

**25%** aan die Vennoot

**75%** aan die NTO

**100%** van die opbrengs uit verversingsverkope aan die Vennoot

Die Vennoot onderneem om daagliks telefonies of per e-pos verslag te doen aan die NTO rakende die stand van kaartjieverkope. Ontvangste moet weekliks op elke Vrydag op die bankrekening van NTO gedeponeer word en bewys van sodanige betaling, tesame met die toepaslike verwysingsnommer moet voor 16:00 elke Vrydag aan die NTO gestuur word.

Die NTO sal die nodige dokumentasie wat deur die Vennoot voltooi moet word verskaf tesame met die ondertekening van hierdie ooreenkoms.

Voordat die Vennoot enige fondse aan die NTO oorbetaal, mag 30% van sodanige betaling deur die Vennoot afgetrek word. Hierdie aftrekking moet op die korrekte plek in die dokumentasie aangedui word. Met die laaste betaling aan die NTO, sal die volle 30% van die kaartjie-omset dus deur die Vennoot afgetrek wees en sal geen verdere gelde deur die NTO aan die Vennoot verskuldig wees nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Die NTO se kontakbesonderhede is as volg :

**Tel :** **021 023 1821**

**E-pos:** info@toneel.xyz **: Algemene navrae**

**dorpe@toneel.xyz : Vir toer navrae**

**24 uur sel:** **079 464 4139**

| | |
|---|---|
| **Posadres :** | **NTO** |
| | **Hugostraat 67** |
| | **Vrijzee** |
| | **7460** |
| **Web :** | **www.toneel.xyz** |

***Die VENNOOT se kontakbesonderhede is as volg :***

| | |
|---|---|
| **Tel :** | ______________________________ |
| **Faks:** | ______________________________ |
| **E-pos:** | ______________________________ |
| **24 uur sel:** | ______________________________ |
| **Posadres:** | ______________________________ |
| | ______________________________ |
| | ______________________________ |
| **Koerier-afleweringsadres** | ______________________________ |
| | ______________________________ |
| | ______________________________ |
| **Web:** | ______________________________ |

Bostaande kontakbesonderhede sal gebruik word vir alle kommunikasie tussen die NTO en die Vennoot. Enige veranderinge aan hierdie besonderhede moet skriftelik aan die ander party gestuur word.

**BANKBESONDERHEDE**

Die NTO se bankbesonderhede is as volg :

**NEDBANK**

**N1 Stad tak**

**Rekening – naam : Die NTO**

**121 646 9296**

**Tjekrekening**

***Die Vennoot se bankbesonderhede is as volg :***

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

Bostaande bankbesonderhede sal vir alle betalings tussen die partye gebruik word. Enige veranderinge aan die besonderhede moet skriftelik aan die ander party gekommunikeer word.

**BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID**

Die NTO vrywaar die Vennoot van enige aanspreeklikheid ten opsigte van die produksie, die spelers, die verhoogpersoneel, dekor, rekwisiete, kostuums en beligtingtoerusting. Die NTO beskik oor toepaslike versekering vir al die elemente van die produksie.

Die NTO se aanspreeklikheid ten opsigte van kaartjieverkope, saalreëlings en verversingsverkope word beperk in so verre hierdie ooreenkoms voorsiening maak. Die Vennoot se finansiële aanspreeklikheid word beperk tot die oorbetaling van alle bedrae wat

verband hou met kaartjieverkope. Sodanige betalings moet streng gemaak word in terme van die bepalings van hierdie ooreenkoms.

Die Vennoot word gevrywaar teen alle eise wat verband mag hou met die kansellasie van enige vertoning. In sodanige geval sal die NTO die volle ontvangste van kaartjieverkope aan die Vennoot terugbetaal.

Die NTO word gevrywaar teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van enige ondernemings, beloftes of kontrakte wat deur die Vennoot aangegaan mag word. Dit word op rekord geplaas dat die Vennoot geen magtiging het om die NTO tot enige ooreenkoms te bind nie, tensy die NTO se vooraf goedkeuring hiervoor op skrif verkry is.

**ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE __________________________** op hierdie ________ dag van ___________________ 20___.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ___________________________ |
| **Nms NTO** | **Nms die VENNOOT** |
| **Volledige naam en adres** | **Volledige naam en adres** |
| _____________________________ | ___________________________ |
| _____________________________ | ___________________________ |
| _____________________________ | ___________________________ |
| _____________________________ | ___________________________ |
| _____________________________ | ___________________________ |
| **GETUIE 1** | **GETUIE 2** |
| **Naam** | **Naam** |
| _____________________________ | _________________________________ |